Potchefstroom Boys' High

STIGTINGSDATUM: 1905

LEUSE: IUSTORUM SEMITA LUX SPLENDENS (DIE PAD VAN GOEIE MENSE IS HELDER LIG)

WWW.POTCHBOYSHIGH.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Onder aanleiding van die Grens Regimentsorkes, het luitenant-goewerneur van Transvaal sir Richard Solomon op 31 Januarie 1905 Potchefstroom College geopen. In opdrag van die onderwysdepartement is die naam kort daarna verander in Potchefstroom High School for Boys, maar dit word steeds deur die leerlinge en oud-leerlinge "College" genoem. Die oudleerlinge staan as "Old Moois" bekend. Die skoolterrein was 'n berugte konsentrasiekamp tydens die Anglo-Boereoorlog. Die eerste skool op die grond was inderdaad vir geïnterneerde kinders. In 1903 is die Potchefstroom Central School op die dorp begin. Die inwoners het toe op luitenant-goewerneur sir Arthur Lawley 'n beroep gedoen om 'n skool te bou vir die oudste dorp in Tranvaal. Die dorpsraad het die terrein van 40 akker aangebied. Die Direkteur van Onderwys het die hoof van Jeppe High School for Boys, CD Hope, gevra om sy naam as hoof van die nuwe skool voor te lê. Hy het ingewillig. Voor Jeppe was hy hoof van Pretoria Boys' High. In die jagseisoen van 1905, net voordat die Springbokke op toer gegaan het, het Hope die horings van 'n Springbok by sy swaer gekry. Die horings is gemonteer en is tans in die skool se museum. 'n Springbokkop vorm ook deel van die skool se wapen. Die huidige hoof, Tich Cartwright, is die sewende in langer as honderd jaar. Die skool is Engels-medium en hoofsaaklik 'n koshuisskool.

• Wilf Rosenberg (1933-1988)

Ek het van Australië na Suid-Afrika gekom omdat my pa se werk as rabbi dit vereis het. Ek was aanvanklik op Grey Boys' High en het toe op Potch beland. Ongelukkig het my pa sy gemeentes so gereeld as sy onderbroeke vervang, en toe ek my weer kry was ek ná twee somerseisoene in Johannesburg op Jeppe. Daar was ek in die skool se eerste onoorwonne span. Maar my herinneringe aan Potch Boys is helder en aangenaam. Ek het daar vir die 1ste span krieket, my sport van voorkeur, gespeel. Ek onthou dat die skool goed en streng was. Baie van die oudleerlinge, veral die familie Kirsh (hulle is aan die Bachers verwant) het baie geld aan die skool bestee. Uitstekende skole soos Potch Boys' en ander het my die geleentheid gebied om in sport te vorder. Op sewentienjarige ouderdom was ek die jongste speler wat vir die Transvaalse senior span gekies is. Daarna het Doc Craven na my gekyk.

— Wilf Rosenburg

Rugby by Potch Boys

In die ou Transvaal is rugby vir die eerste keer op Potchefstroom gespeel. Die dorpsklub, Potchefstroom Dorp, is in 1885 gestig. Potchefstroom Boys' High het in 1913 van sokker na rugby oorgeskakel, en daarna vir sestien jaar op 'n harde, graslose veld gespeel. Die skool het ook tot einde 1923 in die mansliga gespeel. Die 1ste span se veld staan as Gevers bekend; genoem na T Gevers, wat die 1ste Vyftiental van 1921 tot 1944 afgerig het. Die skool se pawiljoen is in 1970 gebou. Die skool se goue jare was dalk tussen 1946 en 1952. Van die 112 1ste span wedstryde wat gespeel is, is 82 gewen en was agt gelykop. Twee oud-leerlinge het vir Suid-Afrika gespeel: Wilf Rosenberg en Jeremy Nel. Hulle was albei trekvoëls. Rosenberg was by talle skole, aangesien sy pa, 'n rabbi, baie verplaas is. Jeremy Nel het aan die einde van sy rugbyloopbaan vir meer provinsies as enige ander Suid-Afrikaner gespeel. Hy en Ashton Townsend is vir Wes-Transvaal gekies terwyl hulle nog op skool was, maar die hoof wou hulle nie toelaat om te speel nie. Meer onlangs het Matthew Proudfoot tot 2003 vir die Bulls uitgedraf. Daarna het hy na Glasgow uitgewyk en vir Skotland gespeel. Edgar Marutlolle is in 2004 en 2005 vir SA Skole gekies.Thulip Marole is vir die 2006 SA Skole Luiperds gekies en in 2007 vir die o.19 Luiperds. Die legendariese Boet Neser was ook 'n "Old Mooi". Neser, later 'n regter, was kaptein van die SA Krieketspan. Hy was een van die bekwaamste rugbyskeidsregters van sy era. Neser was skeidsregter in agt toetse, met inbegrip van al vier in 1928 – op die All Blacks se aandrang. Hy het die rekord vir die meeste toetse as skeidsregter gehou totdat hy deur Freek Burger verbygesteek is. Afgesien van die plaaslike skole, speel Potch ook jaarliks teen sy erfvyand Pretoria Boys' High, asook KES, Jeppe, Parktown en St Stithians.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Wilf Rosenberg
Jeremy Nel

Skotland:
Matthew Proudfoo

Rhodesië:
B Viljoen

Zambië:
B Sutton